# Government Gazette

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 672 | Cape Town / Kaapstad | 1 June 2021 | No. 44648

**THE PRESIDENCY**

**No. 321** **1 June 2021**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 4 of 2021: Electoral Laws Amendment Act, 2021**

**DIE PRESIDENSIE**

**No. 321** **1 Junie 2021**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 4 van 2021: Wysigingswet op Kieswette, 2021**

ISSN 1682-5845

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 26 May 2021)*

# ACT

**To amend the—**
- **Electoral Commission Act, 1996, so as to insert certain definitions; to streamline the provisions for the registration of political parties; to provide for the registration of parties in respect of particular provinces, district and metropolitan municipalities and to repeal provisions relating to registration of parties in respect of particular local municipalities; to repeal obsolete provisions;**
- **Electoral Act, 1998, so as to insert certain definitions; to delete the provisions regarding public access to the voters' roll; to update references to repealed legislation; to amend provisions allowing voters to vote in a voting district where they are not registered; to amend provisions relating to the submission of lists of candidates; to amend provisions relating to special votes in elections for the National Assembly; to amend provisions relating to the procedure concerning provisional results and voting materials; to provide for the limited applicability of the Code; to amend Schedule 3; and**
- **Local Government: Municipal Electoral Act, 2000, so as to insert and delete certain definitions; to amend the requirements for parties contesting elections by way of party lists and for a ward candidate to contest elections; to authorise the Commission to prescribe a different voting procedure for those voters whose names appear on the voters' roll, without addresses; to amend provisions relating to the effect of certain irregularities,**

**and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 51 of 1996, as amended by section 6 of Act 22 of 2014**

**1.** Section 1 of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "Commission" of the following definition:

" **'district municipality'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998);"; and

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui op weglatings uit bestaande verordeninge. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui op invoegings in bestaande verordeninge. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 26 Mei 2021)*

# WET

**Tot wysiging van die—**

- **Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, ten einde sekere omskrywings in te voeg; die bepalings vir die registrasie van politieke partye te vereenvoudig; voorsiening te maak vir die registrasie van partye ten opsigte van bepaalde provinsies, distriks- en metropolitaanse munisipaliteite en om bepalings te herroep wat met die registrasie van partye ten opsigte van plaaslike munisipaliteite verband hou; uitgediende bepalings te herroep;**
- **Kieswet, 1998, ten einde sekere omskrywings in te voeg; die bepalings aangaande publieke toegang tot die kieserslys te skrap; verwysings na herroepte wetgewing op te dateer; bepalings wat kiesers toelaat om te stem in 'n distrik waar hulle nie geregistreer is nie, te wysig; bepalings oor die indiening van lyste van kandidate te wysig; bepalings oor spesiale stemme in verkiesings vir die Nasionale Vergadering te wysig; bepalings oor die prosedure rakende provinsiale uitslae en stemmateriale te wysig; voorsiening te maak vir die beperkte toepaslikheid van die Kode; tot wysiging van Bylae 3; en**
- **die TshiVenda-teks van die Local Government: Municipal Electoral Act, 2000, ten einde sekere omskrywings in te voeg en te skrap; die vereistes te wysig vir partye wat aan 'n verkiesing deelneem by wyse van partylyste en vir 'n wykskandidaat om aan 'n verkiesing deel te neem; die Kommissie te magtig om 'n ander stemprosedure voor te skryf vir daardie kiesers wie se name sonder adresse op die kieserslys verskyn; tot wysiging van bepalings wat met die uitwerking van sekere ongeruimdhede verband hou,**

**en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 51 van 1996, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 22 van 2014**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van ''geregistreerde party'' in te voeg:

'' **'distriksmunisipaliteit'** dit wat in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) aan 'district municipality' toegeskryf is;'';

*(b)* by the insertion after the definition of ''Independent Commission'' of the following definitions:

'' **'local municipality'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998);

**'metropolitan municipality'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998);''.

**Amendment of section 12 of Act 51 of 1996**

**2.** Section 12 of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* shall be the accounting officer of the Commission for the purposes of the **[Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975)]** Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), and shall cause the necessary accounting and other related records to be kept; and''.

**Amendment of section 15 of Act 51 of 1996, as amended by section 26 of Act 34 of 2003 and section 2 of Act 1 of 2019**

**3.** Section 15 of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The chief electoral officer shall, upon application by a party in the prescribed manner and form, accompanied by the items mentioned in subsection (3), register such party in accordance with this Chapter in respect of—

*(a)* the entire Republic;

*(b)* a particular province; or

*(c)* a particular district or metropolitan municipality,

provided that a party registered for a—

(i) particular province may under such registration only participate in elections for that provincial legislature and for all the municipal councils in that province;

(ii) metropolitan municipality may under such registration only participate in elections for that metro council; or

(iii) district municipality may under such registration only participate in elections for that district council and for the local council falling within the area of that district municipality.'';

*(b)* by the insertion after subsection (4) of the following subsections:

''(4A) A party applying for registration in terms of subsection (1) must publish the prescribed notice of the application in—

*(a)* the *Gazette*, in the case of an application referred to in subsection (1)*(a)*;

*(b)* the relevant provincial *Gazette*, in the case of an application referred to in subsection (1)*(b)*; or

*(c)* the relevant provincial *Gazette* or a newspaper circulating in the municipal area concerned, in the case of an application referred to in section (1)*(c)*.

(4B) Any person may object to an application contemplated in subsection (1) in the prescribed manner and form within 14 days after the publication of the prescribed notice of the application.''; and

*(c)* by the insertion after subsection (6) of the following subsection:

'' (7) A party that is registered for a particular local municipality on the date on which the Electoral Laws Amendment Act, 2021, comes into operation, must be deemed to be registered in respect of the district municipality within whose jurisdictional area that local municipality is situated.''.

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Kommissie'' in te voeg:

'' **'metropolitaanse munisipaliteit'** dit wat in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) aan 'metropolitan municipality' toegeskryf is;''; en

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''party'' in te voeg:

'' **'plaaslike munisipaliteit'** dit wat in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) aan 'local municipality' toegeskryf is;''.

**Wysiging van artikel 12 van Wet 51 van 1996**

**2.** Artikel 12 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* is die rekenpligtige beampte van die Kommissie vir die doeleindes van die **[Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975)]** Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en moet die nodige rekenkundige en aanverwante aantekeninge laat hou; en''.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 51 van 1996, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 34 van 2003 en artikel 2 van Wet 1 van 2019**

**3.** Artikel 15 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die hoofverkiesingsbeampte moet, op aansoek van 'n party in die voorgeskrewe wyse en vorm, vergesel van die items in subartikel (3) genoem, daardie party ooreenkomstig hierdie Hoofstuk registreer ten opsigte van—

*(a)* die hele Republiek;

*(b)* 'n bepaalde provinsie; of

*(c)* 'n bepaalde distriks- of metropolitaanse munisipaliteit,

met dien verstande dat 'n party wat geregistreer is vir 'n—

(i) bepaalde provinsie kragtens sodanige registrasie slegs aan verkiesings vir daardie provinsiale wetgewer en vir al die munisipale rade in daardie provinsie mag deelneem;

(ii) metropolitaanse munisipaliteit kragtens sodanige registrasie slegs aan verkiesings vir daardie metroraad mag deelneem; of

(iii) distriksmunisipaliteit kragtens sodanige registrasie slegs aan verkiesings vir daardie distriksraad en vir die plaaslike raad wat in die area van daardie distriksmunisipaliteit val, mag deelneem.'';

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

''(4A) 'n Party wat ingevolge subartikel (1) om registrasie aansoek doen, moet die voorgeskrewe kennisgewing van die aansoek publiseer in—

*(a)* die *Staatskoerant*, in die geval van 'n aansoek in subartikel (1)*(a)* bedoel;

*(b)* die tersaaklike provinsiale *Koerant*, in die geval van 'n aansoek in subartikel (1)*(b)* bedoel; of

*(c)* die tersaaklike provinsiale *Koerant* of 'n koerant wat in die betrokke munisipale gebied sirkuleer, in die geval van 'n aansoek in artikel (1)*(c)* bedoel.

(4B) Enige persoon kan teen 'n aansoek in subartikel (1) beoog, beswaar maak op die voorgeskrewe wyse en vorm binne 14 dae na die publikasie van die voorgeskrewe kennisgewing van aansoek.''; en

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (6) in te voeg:

''(7) 'n Party wat vir 'n bepaalde plaaslike munisipaliteit geregistreer is op die datum waarop die Wysigingswet op Kieswette, 2021, in werking tree, moet geag word geregistreer te wees ten opsigte van die distriksmunisipaliteit binne wie se regsgebied daardie plaaslike munisipaliteit geleë is.''.

**Repeal of section 15A of Act 51 of 1996, as inserted by section 93 of Act 27 of 2000 and amended by section 27 of Act 34 of 2003 and section 3 of Act 1 of 2019**

**4.** Section 15A of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby repealed.

**Amendment of section 16 of Act 51 of 1996, as amended by sections 28 and 29 of Act 34 of 2003**

**5.** Section 16 of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* fourteen days have not elapsed since the applicant has submitted to the chief electoral officer proof of publication of the prescribed notice of application **[in the *Gazette* in the case of an application]** referred to in section 15(4A) **[or in a newspaper circulating in the municipal area concerned in the case of an application referred to in section 15A]**;";

*(b)* by the substitution in subsection (1)*(c)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"*(c)* a proposed name, abbreviated name, distinguishing mark or symbol mentioned in the application or the constitution of the party or the deed of foundation mentioned in section 15 **[or 15A]** contains anything—"; and

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) *(a)* **[Any party which]** An applicant who is aggrieved by a decision of the chief electoral officer **[to register or]** not to register **[a]** that party may, within 30 days after the party has been notified of the decision, appeal against the decision to the Commission in the prescribed manner.

*(b)* Any person who objected to an application in terms of section 15(4B) and who is aggrieved by a decision of the chief electoral officer to register that party may, within 30 days after publication of the notice referred to in section 15(5), appeal against the decision to the Commission in the prescribed manner.".

**Amendment of section 23 of Act 51 of 1996**

**6.** Section 23 of the Electoral Commission Act, 1996, is hereby amended by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 1 of Act 73 of 1998, as amended by section 1 of Act 18 of 2013**

**7.** Section 1 of the Electoral Act, 1998 (Act No. 73 of 1998), is hereby amended by the insertion after the definition of "voters' roll" of the following definition:

" **'voting day'** means the day on which voting in an election takes place or is to take place;".

**Amendment of section 16 of Act 73 of 1998, as amended by section 5 of Act 34 of 2003**

**8.** Section 16 of the Electoral Act, 1998 (Act No. 73 of 1998), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The chief electoral officer must provide a certified copy of, or extract from, a segment of the voters' roll as it exists at that time, to any person who has paid the prescribed fee**[.]**, if the chief electoral officer is satisfied that—

*(a)* the person requires that information—
- (i) to monitor the voters' roll for election purposes;
- (ii) for statistical or research purposes; or
- (iii) any other purpose that is prescribed; and

*(b)* providing that information would not involve the unlawful processing of personal information in terms of the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 of 2013).";

**Herroeping van artikel 15A van Wet 51 van 1996, soos ingevoeg deur artikel 93 van Wet 27 van 2000 en gewysig deur artikel 27 van Wet 34 van 2003 en artikel 3 van Wet 1 van 2019**

**4.** Artikel 15A van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 51 van 1996, soos gewysig deur artikels 28 en 29 van Wet 34 van 2003**

**5.** Artikel 16 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

> ‘‘*(a)* veertien dae nie verloop het nie sedert die aansoeker aan die hoofverkiesingsbeampte bewys voorgelê het van publikasie **[in die *Staatskoerant*]** van die voorgeskrewe kennisgewing van aansoek **[in die geval van ’n aansoek]** in artikel 15(4A) bedoel **[of in ’n koerant wat in die betrokke munisipale gebied versprei word in die geval van ’n aansoek in artikel 15A bedoel]**;’’;

*(b)* deur in subartikel (1)*(c)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

> ‘‘*(c)* ’n voorgestelde naam, verkorte naam, onderskeidingsmerk of -simbool in die aansoek vermeld of die grondwet van die party of die stigtingsakte in artikel 15 **[of 15A]** vermeld enigiets bevat—’’; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

> ‘‘(2) *(a)* **[Enige party]** ’n Aansoeker wat hom of haar veronreg ag deur ’n beslissing van die hoofverkiesingsbeampte om **[’n]** daardie party **[te registreer of]** nie te registreer nie, kan binne 30 dae nadat die party van die beslissing in kennis gestel is, op die voorgeskrewe wyse by die Kommissie teen die beslissing appelleer.
>
> *(b)* Enigiemand wat teen ’n aansoek ingevolge artikel 15(4B) beswaar gemaak het en wat hom of haar veronreg ag deur ’n beslissing van die hoofverkiesingsbeampte om daardie party te registreer kan, binne 30 dae na publikasie van die kennisgewing in artikel 15(5) bedoel, op die voorgeskrewe wyse by die Kommissie teen die beslissing appelleer.’’.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 51 van 1996**

**6.** Artikel 23 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 18 van 2013**

**7.** Artikel 1 van die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998), word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘stembeampte’’ in te voeg:

> ‘‘ **‘stemdag’** die dag waarop in ’n verkiesing gestem word of gestem gaan word;’’.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 34 van 2003**

**8.** Artikel 16 van die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998), word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

> ‘‘(2) Die hoofverkiesingsbeampte moet ’n gesertifiseerde afskrif van, of uittreksel uit, ’n segment van die kieserslys soos dit op daardie tyd bestaan, aan enige persoon verskaf wat die voorgeskrewe bedrag betaal het, as die hoofverkiesingsbeampte oortuig is dat—
>
> *(a)* die persoon daardie inligting nodig het—
>
> (i) om die kieserslys vir verkiesingsdoeleindes te monitor;
>
> (ii) vir satistieke of ander navorsingsdoeleindes; of
>
> (iii) vir enige ander voorgeskrewe doel; en
>
> *(b)* die voorsiening van daardie inligting nie die onwettige verwerking van persoonlike inligting ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), sal behels nie.’’;

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) Any person who uses the information obtained under subsection (2), for a purpose other than that specified in that subsection, is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or imprisonment for a period not exceeding one year or to both a fine and such imprisonment.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Notwithstanding subsection (2), the chief electoral officer must, on payment of the prescribed fee, provide copies of the voters' roll, or a segment thereof, which includes the addresses of voters, where such addresses are available, to **[all]** a registered **[political parties]** party and an independent candidate contesting the elections.";

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The **[voters' roll with addresses referred to in]** information obtained in terms of subsection (3) may only be used by **[political parties]** a registered party and an independent candidate for election purposes and any person using such information for other purposes is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or imprisonment for a period not exceeding one year or to both a fine and such imprisonment."; and

*(e)* by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

"(5) For the purposes of subsections (2) and (3), the chief electoral officer may only provide the digits of the identity numbers of voters, which indicate the voters' date of birth and citizenship, except where the person who requires the information satisfies the chief electoral officer that—

*(a)* exceptional circumstances require that additional digits of the voters' identity number be disclosed; and

*(b)* providing that information would not involve the unlawful processing of personal information in terms of the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 of 2013).".

**Substitution of section 24A of Act 73 of 1998, as inserted by section 7 of Act 34 of 2003**

**9.** The following section is hereby substituted for section 24A of the Electoral Act, 1998:

"**Voting in voting district where voter not registered**

**24A.** A voter who is unable, on voting day, to cast his or her vote at the voting station in the voting district where he or she is registered may, in the prescribed manner, notify the chief electoral officer by no later than the relevant date stated in the election timetable of his or her intention to cast a vote in another specified voting district within the Republic on voting day: Provided that such voter may only vote in the election for the provincial legislature if his or her name appears on a segment of the voters' roll for the province in which that specified voting district is situated.".

**Amendment of section 27 of Act 73 of 1998**

**10.** Section 27 of the Electoral Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* declaration, signed by the duly authorised representative of the party, that each candidate on the list is qualified to stand for election in terms of the Constitution or national or provincial legislation under Chapter 7 of the Constitution and has signed the prescribed acceptance of nomination;";

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Enige persoon wat die inligting wat kragtens subartikel (2) vekry is, vir 'n doel gebruik wat nie in daardie subartikel gespesifiseer is nie, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.";

*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Ondanks subartikel (2) moet die hoofverkiesingsbeampte, by betaling van die voorgeskrewe bedrag, afskrifte van die kieserslys, of 'n segment daarvan, wat die adresse van kiesers insluit, waar sodanige adresse beskikbaar is, verskaf aan **[alle]** 'n geregistreerde **[politieke partye]** party en 'n onafhanklike kandidaat wat aan die verkiesing deelneem.";

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) **[Die kieserslys met adresse in]** Die inligting ingevolge subartikel (3) **[bedoel]** verkry, kan slegs deur **[politieke partye]** 'n geregistreerde party en 'n onafhanklike kandidaat vir verkiesingsdoeleindes gebruik word en enigiemand wat sodanige inligting vir ander doeleindes gebruik, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met **[sowel]** beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf."; en

*(e)* deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

"(5) By die toepassing van subartikels (2) en (3), mag die hoofverkiesingsbeampte slegs die syfers van die identiteitsnommers van kiesers voorsien wat die stemmers se geboortedatums en burgerskap aandui, behalwe waar die persoon wat die inligting benodig die hoofverkiesingsbeampte oortuig dat—

*(a)* buitengewone omstandighede vereis dat nog syfers van die stemmers se identiteitsnommers openbaar gemaak word; en

*(b)* dat die voorsiening van daardie inligting nie die onregmatige verwerking van persoonlike inligting ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), sal behels nie.".

**Vervanging van artikel 24A van Wet 73 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 34 van 2003**

**9.** Artikel 24A van die Kieswet, 1998, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Stemming in stemdistrik waar kieser nie geregistreer is nie**

**24A.** 'n Kieser wat nie op stemdag sy of haar stem by die stemlokaal in die stemdistrik waar hy of sy geregistreer is, kan uitbring nie, mag op die voorgeskrewe wyse die hoofverkiesingsbeampte teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster gestel, in kennis stel van sy of haar voorneme om op stemdag 'n stem in 'n ander gespesifiseerde stemdistrik binne die Republiek uit te bring: Met dien verstande dat sodanige kieser slegs in die verkiesing vir die provinsiale wetgewer mag stem indien sy of haar naam op 'n segment van die kieserslys verskyn vir die provinsie waarin daardie gespesifiseerde stemdistrik geleë is.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 73 van 1998**

**10.** Artikel 27 van die Kieswet, 1998, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* verklaring, onderteken deur die behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die party, dat elke kandidaat op die lys ingevolge die Grondwet of nasionale of provinsiale wetgewing kragtens Hoofstuk 7 van die Grondwet bevoeg is om 'n kandidaat in die verkiesing te wees en die voorgeskrewe aanvaarding van benoeming onderteken het;";

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(b)* by the deletion in subsection (2) of paragraph *(c)*; and

*(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

> ‘‘(4) Upon request by the Commission, a party must, in the prescribed manner and form, submit an acceptance of nomination signed by a candidate appearing on a party list submitted by that party.’’.

**Amendment of section 28 of Act 73 of 1998, as substituted by section 11 of Act 1 of 2019**

**11.** Section 28 of the Electoral Act, 1998, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

> ‘‘(1) If a registered party that has submitted a list of candidates has not fully complied with section 27(2)*(a)*, *(b)*, **[*(c)* or]** *(d)* or section 27(4), the chief electoral officer must notify that party of its non-compliance.’’; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

> ‘‘(2) The notification must be given in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable, and must indicate that the party has an opportunity to comply with section 27(2)*(a)*, *(b)*, **[*(c)* or]** *(d)* or section 27(4), by not later than the relevant date stated in the election timetable.’’.

**Amendment of section 30 of Act 73 of 1998**

